HOëRSKOOL GRABOUW HIGH SCHOOL

Bus/Box 23, Grabouw, 7160
Tel: (021) 859-4203/4
Fax: (021) 859-3629
E-pos/E-mail: admin@hsgrabouw.co.za

*Daar's Werk / Let's Work*

---

**29 Mei 2026**

**Geagte ouers en voogde,**

## INSAKE: JUNIE-EKSAMENREËLINGS EN BELANGRIKE DATUMS

Ons verwys na die **Junie-eksamenrooster wat reeds 'n geruime tyd gelede aan u gestuur is**. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting en reëlings vir die eksamentydperk:

### Bywoning en daaglikse reëlings

Daar word van leerders verwag om elke dag gedurende die eksamentydperk skool by te woon, selfs op dae wanneer hulle nie skryf nie. Dit verseker kontinuïteit in leer en dissipline.

Alle leerders moet soggens om **07:55** by die skool wees.

Leerders wat laat opdaag, sal hul eksamen **steeds voltooi ná sluitingstyd**, volgens die aantal minute wat hulle laat was. *Slegs leerders wat laat was, sal ná skooltyd skryf.*

Leerders moet **voor die aanvang van die eksamen in die lokaal studeer**.

'n **Pouse sal ook aan hulle gegun word voordat die eksamen begin**.

### Eksamen- en gedragsreëlings

Leerders sal **skryf totdat hulle klaar is**.

Volle **skooluniform moet te alle tye gedra word**.

Leerders wat 'n **steurnis veroorsaak tydens studeer- of skryftye**, of herhaaldelik laat opdaag, sal aangespreek word.

Indien 'n leerder **drie (3) keer** 'n steurnis veroorsaak **of** laat is, sal daar van die ouer verwag word om **persoonlik tydens die eksamensessies in te sit**, om te verseker dat die leerder gepas optree en nie ander leerders steur nie.

### Uitkomtyd

Vanaf **Maandag, 8 Junie 2026**, sluit die skool daagliks om **13:00**. Maak asseblief die nodige vervoerreëlings, met dien verstande dat leerders wat laat was, later kan uitkom.

### Normale skooldae

**Maandag, 22 Junie 2026** tot en met **Donderdag, 25 Junie 2026** is normale skooldae. Onderrig sal voortgaan en opvoeders sal nuwe kurrikuluminhoud begin dek. Leerderbywoning op hierdie dae is noodsaaklik.

**<u>Afwesigheid tydens assesserings</u>**

Indien ’n leerder afwesig is op ’n dag waarop hulle geskeduleer is om ’n assessering te skryf, moet ’n **geldige mediese sertifikaat of amptelike dokumentasie** ingedien word. Versuim om dit te doen, sal ’n **punt van nul** vir daardie assessering tot gevolg hê.

Vir enige ander afwesigheid word ’n **skriftelike brief van die ouer of voog** vereis.

**<u>Skoolvakansie</u>**

Die skool sluit vir die vakansie op **Vrydag, 26 Junie 2026 om 11:00** en heropen op **Dinsdag, 21 Julie 2026 om 07:55 (Dag 6)**.

**<u>Vorderingsverslae</u>**

Vorderingsverslae sal op **Vrydag, 26 Junie 2026** uitgereik word en slegs aan leerders wat die dag by die skool is.

Ons vertrou dat hierdie reëlings sal bydra tot ’n **gestruktureerde en ordelike eksamentydperk**.

Ons waardeer u volgehoue ondersteuning en samewerking om u kind se akademiese sukses te verseker. Indien u enige vrae of bekommernisse het, moet asseblief nie huiwer om die skool te kontak nie.

**Grabbiegroete**



**F.H. Bezuidenhout**
Prinsipaal

---

**ANTWOORDSTROKIE: ERKENNING VAN JUNIE-EKSAMENBRIEF**

Ek, ____________________________________ (ouer/voog se volle naam), erken ontvangs van die brief gedateer **29 Mei 2026** rakende die Junie-eksamenrooster en belangrike skoolreëlings. Ek het kennis geneem van die inhoud daarvan.

**Leerder se naam:** ____________________________________ **Graad:** ______________

**Ouer/voog Handtekening:** ___________________________ **Datum:** __________________

***Let wel:** Indien die antwoordstrokie nie teen **Woensdag, 3 Junie 2026 teruggestuur word nie,***
*sal daar van die leerder verwag word om **daagliks pouse-detensie** by te woon totdat dit ingedien word.*